

# DISSIPELSKAP LES 35

1	GEBED
---	-------

*Bid* vir God se leiding deur sy Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor die maak van dissipels toe aan die Here.

2	AANBIDDING (20 minute) <i>[KENMERK VAN GOD]</i> GOD IS TEENWOORDIG / NABY
---	--

Meditasie

Aanbidding is jou oefening om bewus te bly van God se teenwoordigheid.

Tema: Die God van die Bybel is teenwoordig / naby

**Lees** die volgende Bybelgedeeltes saam:

Eksodus 33:12-17; Romeine 8:31-34.

Lees die uitleg voor of lê dit in jou eie woorde uit.

### 1. Wanneer God jou roep vir 'n taak, doen die volgende:

(1) Vra God om jou sy weg te wys.

God moet eers jou onderrig voordat jy ander kan onderrig. En wat God jou leer, kan jy op jou beurt aan andere leer. Laat God jou veral leer wie Hy is, wat sy kenmerke (eienskappe) is, sodat jy God persoonlik en intiem leer ken en God jou goedgesind sal wees. (Eksodus 33:12-13).

(2) Vra God om saam met jou te gaan.

Verlang na die nabyheid van God in jou lewe en jou werk.

Moenie daarop uit wees om iets VIR God te doen sonder om dit SAAM MET God te doen nie!

Vra God om SAAM MET jou te gaan en DEUR jou te werk (Eksodus 33:14-15).

### 2. Die nabyheid van God is die kenmerk wat die Christene van ander mense onderskei (Eksodus 33:16).

Die nabyheid van die Lewende God is die punt wat 'n christenleier en Christene onderskei van alle ander leiers en mense in die wêreld (vgl Matteus 28:20)!

- God is teenwoordig as jy jou sonde bely en vergewing en reiniging ontvang (1 Johannes 1:9).
- God is teenwoordig as jy stiltetyd hou by s voete en van Hom leer (Lukas 10:39).
- God is teenwoordig as jy jou daaglikse taak verrig asof jy dit vir Hom doen (Kolossense 3:17). "In die naam van die Here Jesus" beteken dat jy in volkome afhanklikheid van sy volvoerde verlossingswerk praat en optree, in volkome afhanklikheid van sy geopenbaarde wil in die Bybel en in volkome afhanklikheid van sy nabyheid met sy liefde, krag en wysheid.
- God is teenwoordig as jy Hom vra vir leiding, wysheid, krag, hulp, ens. vir wat jy ook al die dag moet doen (Spreek 3:5-6). Onthou as jy iets doen sonder Hom, is dit heeltemal tevergeefs. "As die Here die huis nie bou nie, swoeg dié wat daaraan bou, tevergeefs. As die Here die stad nie beskerm nie, waak dié wat dit beskerm, tevergeefs. Tevergeefs dat julle vroeg opstaan en laat gaan slaap om met moeite 'n bestaan te maak. Vir dié wat Hy liefhet, gee die Here dit in hulle slaap. Maar wie in Jesus Christus bly, dra baie vrug (Johannes 15:5)!

Tref dus groot voorsorg elke dag om jou te oefen om te leef in die nabyheid en teenwoordigheid van God!

### 3. Die nabyheid van God is die veilige versekering van die christen (Romeine 8:31-34).

Paulus sê, "God is v<sup>ir</sup> ons, wie kan dan teen ons wees?" Christene is vrygemaak van die slawerny aan die wet van die sonde en die dood (d.w.s. die oorheersende mag van hulle sondige natuur). Christene is vernuwe deur die inwonende Heilige Gees, wat hulle erken as sy kinders en erfgename en voortdurend heilig. Wie kan dan teen 'n Christen wees (vers 31)?

As God die groot werk gedoen het, sal Hy dan nie die kleiner dingetjies doen nie? As God VIR Christene sy verlossingswerk deur Jesus Christus voltooi het, dan sal Hy ook sy werk van verlossing en heiliging IN Christene voltooi en sy werk van verlossing en diensbaarheid DEUR die Christene voltooi (Filippense 1:6! As God in die ewigheid besluit het om sy Seun, Jesus Christus, prys te gee, dan sal Hy verseker ook aan ons saam met Jesus Christus alles skenk wat ons volgens Hom nodig het! God se oneindige groot liefde vir Christene kan nie en sal nie tekort skiet nie (vers 32)!

As God al die sonde aan die kruis verdoem het, wie kan christene dan nog veroordeel (vers 33-34)?

Aanbidding

*Aanbid* God vir sy teenwoordigheid. Doen dit kort, om die beurt, of in klein groepies van drie mense.

2	DEEL (20 minute)	[STILTETYE] DEUTERONOMIUM 11:13-21; 13:1-5; 16:18-20; 17:14-20; 18:9-13; 18:14-22
---	------------------	--

*Maak beurte en vertel/deel (of lees) kortliks* wat jy in een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes geleer het (Deuteronomium 11:13-21; 13:1-5; 16:18-20; 17:14-20; 18:9-13; 18:14-22). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

4	ONDERRIG (70 minute)	[GEMEENSKAP] KENMERKE VAN DIE GEMEENTE (DIE KERK)
---	----------------------	--

‘n Gloeiende steenkool bly alleen gloei as hy deur ander gloeiende steenkole omring word. So bly ‘n gelowige alleen groei en funksioneer as hy omring word deur ander gelowiges. ‘n Gelowige het ander gelowiges nodig om te groei en te dien. Die christelike gemeenskap word in die Bybel “die Gemeente” of “die Kerk” genoem en kan nie los van Jesus Christus gedink word nie.

Gewoonlik begin kerkgenootskappe om alleen vanuit hulle eie historiese posisie oor “die gemeente” onderrig te gee. Ons sou by die Bybel moet begin! Die Bybel praat net van één Gemeente, nooit van verskillende kerkgenootskappe nie!<sup>1</sup>

#### A. DIE WOORD “GEMEENTE (KERK)” IN DIE BYBEL

Die woord vir “gemeente” of “kerk” in die oorspronklike taal van die Nuwe Testament (Grieks) is “ekklésia”. Dit beteken letterlik “die wat deur God uitgeroep is” (uit die wêreld). Dit het die volgende betekenisse in die Bybel:

(1) Ekklésia beteken “die gemeente van Israel” (die gelowiges in Israel in die Ou Testament wat gelei word deur “‘n raad van ouderlinge”) (Psalm 107:32 NV: “volksvergadering met die byeenkom van leiers”, vgl. multivertaling). Dus die woorde “gemeente” en “raad van ouderlinge” het sy oorsprong al in die Ou Testament!

(2) Ekklésia beteken “die gemeente van God” (die gelowiges in die Nuwe Testament wanneer hulle byeenkom) (1 Korintiërs 11:18; 14:19; 3 Johannes 6).

(3) Ekklésia beteken “die huisgemeente” (die Christene wat in ‘n huis vergader) (Romeine 16:5).

(4) Ekklésia beteken “die selfstandige gemeente” (ál die Christene op één plek) (Matteus 18:17): bv. Jerusalem (Handelinge 8:1); Judea, Galilea, Samaria (Handelinge 9:31) (vgl. Handelinge 15:41; Galasiërs 1:22; Openbaring 1:12-13,20).

(5) Ekklésia beteken “die universele of wêreldwye<sup>2</sup> Gemeente (Kerk)” (“die Liggaam van Christus”, waartoe alle selfstandige gemeentes en alle Christene in die wêreld behoort) (Matteus 16:18; Efesiërs 1:21-22; 3:10; 5:22-33).

#### B. DIE AARD VAN DIE WÊRELDWYE GEMEENTE (OF KERK)

Die apostels van Jesus Christus gebruik verskillende beelde in die Nuwe Testament om te beskryf wat die christelike Gemeente (Kerk) is en hoe hy funksioneer. Die beelde is as fotos van die Gemeente (Kerk) wat van verskillende kante geneem is en beskryf die aard van die Gemeente. Die aard van die Gemeente beïnvloed die funksies en vorme van die Gemeente.

Beeld 1. Die christelike Gemeente (Kerk) is ‘n geestelike gemeenskap en nie ‘n gebou van stene nie.

**Lees** 1 Petrus 2:4-5; Efesiërs 2:21-22; (Handelinge 17:24-25; 1 Korintiërs 3:6-11).

(1) Die geestelike gebou.

Die Gemeente (Kerk) is nooit ‘n kerkgebou waar Christene bymekaarkom nie (Handelinge 17:24-25), maar altyd ‘n geestelike gemeenskap, ‘n groep mense waarin God deur die Heilige Gees woon (Efesiërs 2:22). Daarom vorm die mense van die Gemeente (Kerk) “‘n geestelike huis” (Grieks: oikos), “‘n geestelike gebou” of “‘n geestelike tempel”, afgesonder en toegewy vir geestelike doeleindes (heilig) (Efesiërs 2:21). Die Gemeente is opgebou uit “lewende stene” (die gelowiges) (1 Petrus 2:5).

<sup>1</sup> Kerkgenootskappe soos die Rooms Katolieke, Ortodokse, Anglikaanse, Metodiste, Presbyteriaanse, Baptiste, Hervormde, Gereformeerde, Evangeliese, Pinkster, Charismaties, Onafhankelike, ens.

<sup>2</sup> Grieks: katholikos. Dus die woord “katoliek” beteken NIE Rooms Katoliek nie, maar “algemeen” of “wêreldwijd”. Alle Christene in die wêreld behoort tot die “wêreldwye Kerk”. Die Rooms Katolieke Kerk is niks meer as ‘n deur mense georganiseerde kerkgenootskap nie.

(2) Die geestelike fondament.

“Die fondament” van die geestelike huis bestaan uit die apostels van Jesus Christus (Paulus ingesluit) en die Nuwe-Testamentiese profete (verkondigers) uit die eerste eeu n.C. (Handelinge 15:32,22). Jesus Christus is “die geestelike Hoeksteen” (Efesiërs 2:20; 1 Petrus 2:6-8). Hulle was die oog- en oorgetuies van Jesus Christus en het geen opvolgers nie. Hulle het die evangelie verkondig, dissipels gemaak en nuwe selfstandige (onafhanklike) gemeentes in Judea, Samaria, Galilea, en tot aan die einde van die Romeinse Ryk gestig (Handelinge 14:21-23). Christene behoort te weet hoe hulle hul moet gedra in “die huis van God”, d.w.s. “die Kerk van die lewende God” (1 Timoteus 3:15). Dit gaan nie oor ’n kerkgebou nie, maar oor ’n geestelike gemeenskap.

## Beeld 2. Die christelike Gemeente (Kerk) is ’n gesin of familie en nie ’n besigheid nie.

**Lees** 1 Timoteus 3:14-15; Efesiërs 2:19; (Efesiërs 3:14-15).

(1) Die huisgesin.

Die Gemeente (Kerk) is “die huisgenote (huisgesin)” (Grieks: oikēioi) van God (Efesiërs 2:19). Die Gemeente word ook genoem “die familie (Grieks: patria)” van God in die hemel en op die aarde (Efesiërs 3:15).

(2) Wedergeboorte.

Jy kan jou aan ’n besigheid verbind, as jy oor die korrekte kwaliteite beskik en ’n werkskontrak onderteken, waarin jou take en jou salaris beskryf staan. Maar jy kan jou alleen aan die Gemeente (Kerk) as christelike familie verbind deur Gods onbeskryflike genade en deur jou wedergeboorte deur die Heilige Gees (Johannes 1:12-13; Johannes 3:3-8; 1 Korintiërs 12:13).

(3) Verhoudings.

In ’n besigheid is die werkgewer die baas van die werknemers en is die werknemers kollegas van mekaar. Maar in die Gemeente (Kerk) is God “die Vader” van sy “kinders”, en saam vorm hulle ’n “gesin” of “familie” en is die lede “broers en susters” van mekaar (1 Timotes 5:1-2).

(4) Die doel.

In ’n besigheid is “wat jy doen” (prestasies, suksesse en produksie) die belangrikste. Maar in die Gemeente (Kerk) is “wie jy is” (jou verhoudings en onderlinge liefde) die belangrikste.

## Beeld 3. Die christelike Gemeente (Kerk) is ’n organisme, ’n lewende liggaam en nie maar net ’n organisasie nie.

**Lees** Efesiërs 1:22-23; Efesiërs 4:16; Handelinge 15:28; (1 Korintiërs 12:12-13; Efesiërs 2:14-15).

(1) Organisme.

Die Gemeente (Kerk) is “die Liggaam van Christus” (1 Korintiërs 12:12-13; Efesiërs 1:23) of “één nuwe mensheid” (Efesiërs 2:15). Die Gemeente behoort nie maar net as ’n organisasie te funksioneer nie, maar as ’n lewende organisme.

(2) Leiding.

’n Organisasie word gelei deur ’n gewone mens (’n president, voorsitter of direkteur). Maar die wêreldwye Gemeente (Kerk) word gelei deur die Hoof, Jesus Christus Self (Efesiërs 1:22)<sup>3</sup>. ’n Organisasie word van buite af bestuur deur menslike doelstellings, beleide en reëls. Maar die Gemeente word van binne af bestuur deur goddelike doelstellings beskrywe in die Bybel en deur die Heilige Gees wat in Christene woon en hierdie doelstellings in hul lewens en hul gemeente uitwerk.

(3) Lidmaatskap.

’n Mens word lid van ’n organisasie deur by hom aan te sluit. Maar ’n mens word lid van die Gemeente deur wedergeboorte (1 Korintiërs 12:13). Die lede van ’n organisasie is tydelik op papier ingeskryf. Maar die lede van die Gemeente is vir ewig in die hemel opgeskryf (Hebreërs 12:23). Die lede van ’n organisasie korrespondeer met die teenwoordige Jerusalem wat met haar kinders op die aarde in slawerny is. Maar die lede van die Gemeente, het tot “moeder” die Jerusalem wat bo is en haar “kinders” is vry (Galasiërs 4:25-26). Dus, die lede van ’n organisasie het alleen ’n formele en kwetsbare band met hul leier en met mekaar. Maar die lede van die Liggaam van Christus is onverbreeklik en vir ewig met Christus en met mekaar verbind.

(4) Kultuur.

’n Organisasie is dikwels staties, lomp en styf deur menslike en kulturele tradisies. Maar die ware Gemeente (Kerk) groei deur hom los te maak van on-Bybelse tradisies (Markus 7:1-16) en in plaas daarvan die kultuur van die Koninkryk van God aan te neem (Matteus 5-7), deur aan die waarheid vas te hou, homself op te bou en mekaar lief te hê (Efesiërs 4:15-16).

<sup>3</sup> En dus nie deur ’n pous, kardinaal, patriarg, metropoliet, aartsbiskop, biskop, priester, dominee, voorganger, pastor, konsilie of sinode nie!

(5) Besluitneming.

In 'n organisasie word besluite dikwels geneem deur 'n outokratiese hoë amptenaar of direkteur of deur demokraties daarvoor te stem. Maar in die Gemeente (Kerk) behoort besluite altyd gebaseer te wees op die korrekte uitleg van die Bybel en soveel moontlik eenstemmigheid (Handelinge 15:28): die eenheid van gesindheid, denke, liefde en doelstellings (Efesiërs 4:3; Filippense 2:2-4). 'n Organisasie is outokraties of demokraties, maar die Gemeente is teokraties of Christokraties!

(6) Doelstellings.

'n Organisasie het baie keer maar 'n beperkte aantal werksterreine en doelstellings (bv. één bepaalde sportsoort of één bepaalde produk). Maar die wêreldwye Gemeente (Kerk) hou hom besig met elke terrein en elke aspek van die menslike lewe (Efesiërs 1:9-10; 2 Korintiërs 10:3-5)! Hy is besorg oor die geestelike lewe en met die gewone (sosiale, intellektuele, emosionele) lewe, met waarheid en geregtigheid, met gesinne en die gemeenskap, met die huidige lewe en die lewe na die dood. 'n Organisasie streef na eenvormigheid; almal streef na dieselfde denke, doen en late (selfs dieselfde gedrag en kleredrag). Maar die Gemeente streef na diversiteit, 'n verskeidenheid van mense met verskillende kulture, take (bedieninge) en geestesgawes (1 Korintiërs 12:4-7).

Beeld 4. Die Christelike Gemeente (Kerk) is 'n kudde skape gelei deur herders en nie 'n trop beeste wat aangejaag word deur "cowboys" nie.

**Lees** 1 Petrus 5:1-4; 1 Petrus 2:25 .

(1) Kudde.

Die Gemeente (Kerk) is "die kudde van God" gelei deur Jesus Christus, die Herder (Pastor) en Opsier (Biskop) van siele (lewens), die Opperherder van die gemeente. Die raad van ouderlinge is die ondergeskikte herders (1 Petrus 5:1-3).

(2) Herders.

In die meeste dele van die wêreld word troppe beeste deur die oppassers ("cowboys") aangejaag, wat agter hulle skree en met 'n sloop slaan. Kuddes skape het meesal herders wat voor die skape loop en die skape volg gewilliglik. So behoort die Gemeente ook nie 'n trop beeste te wees wat deur 'n aantal kerkleiers in 'n bepaalde (dogmatiese, nasionale of kulturele) rigting gedryf word nie. Die gemeente behoort 'n kudde skape te wees wat gewillig en van harte die ondergeskikte herders (die ouderlinge) volg omdat die herders die Opperherder volg (*Lees* Esegieël 34:1-24).

(3) Eiendom.

'n Gemeente is nooit die eiendom van een of ander kerkgenootskap nie, maar alleen die eiendom van God – dit is "die kudde van God" (1 Petrus 5:2). Jesus Christus het elke Christen met sy eie bloed gekoop (Matteus 16:18; Handelinge 20:28).

Beeld 5. Die Christelike Gemeente (Kerk) is inklusief, internasionaal, en nie eksklusief, nasionaal nie.

**Lees** 1 Petrus 2:9-10; Openbaring 5:9-10; (Efesiërs 2:14-19).

(1) Die internasionale volk.

Die Gemeente (Kerk) is: "'n uitverkore volk", "'n koninklike priesterdom", "'n nasie wat vir Hom afgesonder is", "die eiendomsvolk van God". "... vroeër geen volk nie, maar nou die volk van God" (1 Petrus 2:9-10) wat uit alle natuurlike volke op aarde voortkom. Die Gemeente is nie 'n nasionale gemeenskap, wat mense van ander nasionaliteite uitsluit nie. Dit is ook geen kerkgenootskap wat gelowiges uit ander gemeentes uitsluit nie. Christene mag nie kies wie aan die Gemeente (Kerk) behoort nie. Dit is God Self wat die mense uit elke stam en taal en volk en nasie op aarde (Openbaring 5:9-10) uitkies om aan sy Koninkryk, sy volk of sy Gemeente te behoort (2 Tessalonisense 1:1). Dis verbode om mense uit ander volke te belet om lede van die gemeente te word (1 Tessalonisense 2:13-16). Elke plaaslike gemeente behoort mense van die verskillende nasies en kulture in hulle omgewing in te sluit. Die dood en opstanding van Jesus Christus het "die muur van vyandskap"<sup>4</sup> wat skeiding gemaak het tussen die Joodse en Griekse Christene van die Gemeente afgebreek (Efesiërs 2:13-15).

(2) Die internasionale Koninkryk.

Die Gemeente is die sigbare manifestasie van die Koninkryk van God in sy teenwoordige fase (Matteus 13:36-43; Matteus 16:18-19; Matteus 21:42-44).

Beeld 6. Die Christelike Gemeente (Kerk) is 'n Bruid wat haar gereedmaak vir die bruilof maar nog nie voltallig of volmaak is nie.

**Lees** Galasiërs 4:21-31; Openbaring 19:5-10; Openbaring 21:1-2,9-10; Matteus 13:24-30,36-43.

<sup>4</sup> "Die muur van vyandskap" was 'n letterlike muur wat rondom die tempelgebou gestaan het met kennisgewingborde wat toegang aan nie-Jode tot die tempelgebou verbode het. Paulus gebruik hierdie beeld vir die seremoniële of rituele wet van die Jode wat skeiding gemaak het tussen Joodse Christene en nie-Joodse Christene in bv. die gemeente van Efese.

Die Gemeente (Kerk) is nou “die Bruid van Christus” (Efesiërs 5:32) en sal by die wederkoms van Jesus “die Vrou van die Lam” word (Openbaring 21:1-2,9-10).

(1) Die Gemeente is die Hemelse Jerusalem (Galasiërs 4:21-31) wat op pad is om die Nuwe Jerusalem te word (Hebreërs 10:8-10; Hebreërs 12:22-24; Hebreërs 13:14).

Die slavin, Hagar, is ’n simbool vir die gemeenskap van mense wat in ooreenstemming met die Ou-Testamentiese verbond van die wet van Moses (1447 v.C.) leef. Dis veral die seremoniële of rituele wet van Moses, wat God 645 jaar na die verbond van genade met Abraham (2092 v.C.) aan die genadeverbond toegevoeg het. Hagar het kinders voortgebring wat slawe van die wet was. Hulle is die beeld van mense wat deur die onderhouding van die wet geregverdig wil word. Die burgers van die teenwoordige Jerusalem is slawe van die wet.

Maar die vrou wat vry is, Sara, is ’n simbool vir die Gemeente van mense wat leef in ooreenstemming met die verbond van die belofte of verbond van genade. Sara het kinders voortgebring wat deur Jesus Christus bevry is. Hulle is die beeld van mense wat deur geloof in Jesus Christus geregverdig is en deur die Heilige Gees weergebore is. Die burgers van die Hemelse Jerusalem is vry. Hulle bestaan uit mense wat gedurende die Ou-Testamentiese periode in die Messias, Christus, geglo het (Jesaja 56:3-8; Galasiërs 3:8; Galasiërs 4:26; Hebreërs 11:8-10,13-16) en gedurende die Nuwe-Testamentiese periode in Hom glo (Filippene 3:20; Hebreërs 12:22-24; Hebreërs 13:14).

(2) Die Gemeente is die Bruid van Christus wat haar voorberei vir die bruilof van die Lam (Openbaring 19:5-10; Openbaring 21:1-2,9-10).

Tot by die wederkoms van Christus, berei Christus sy Bruid, die Gemeente, voor deur haar te heilig deur sy Woord (Efesiërs 5:25-27). Hy is besig om haar kompleet of voltallig (Grieks: to plérōma) te maak (Efesiërs 1:23; vgl. Romeine 11:25-26). Maar ook die Bruid (die Gemeente/Kerk) is besig om haarself gereed te maak vir “die bruilof van die Lam” (Openbaring 19:7) deur ’n opregte en suiwere toewyding aan Jesus Christus (2 Korintiërs 11:2-3). Pas by die wederkoms van Jesus Christus sal die Gemeente voltallig (Romeine 11:25-26) en ook volmaak (Efesiërs 5:26-27; 1 Johannes 3:1-3) wees. Dus: die Gemeente (Kerk) in haar teenwoordige vorm is nog nie volledig (voltallig) of volmaak nie (Matteus 13:24-30,36-43).

Daar is alleen maar één Gemeente (Kerk) (Matteus 16:18-19; Handeling 9:31) en dit bestaan uit alle gemeentes in die wêreld en gedurende die hele geskiedenis van die wêreld. Hierdie gemeentes is op ’n Bybelse manier onafhanklik van mekaar, het dieselfde leerstellings, voorskrifte en gebruike (1 Korintiërs 4:17; 1 Korintiërs 7:17; 1 Korintiërs 11:16; 1 Korintiërs 14:33) en is geregistreer, nie op die aarde nie, maar in die hemel (Galasiërs 4:26; Hebreërs 12:23a). Die Gemeente of Kerk bestaan uit almal in die hemel: God die Vader, die Here Jesus Christus, alle engele, alle gelowiges uit die Ou-Testamentiese periode en die Nuwe-Testamentiese periode wat al gesterf het (Efesiërs 3:15; 1 Tessalonisense 4:13-17; Hebreërs 11:10,16; Hebreërs 12:22-24) en alle Christene wat nog op die aarde lewe maar in die hemel geregistreer is. Christene sien vandag verlangend uit na “die stad wat kom”, d.w.s. die Gemeente (Kerk) volledig voorberei en gereed as Bruid van die Lam (Hebreërs 13:14).

By die wederkoms van Christus sal die bruilof van die Lam plaasvind en sal God deur Christus alle dinge nuut maak en sal Hy by sy volk (die gelowiges) op die nuwe aarde woon (Openbaring 21:3-5). Dan eers is die Gemeente (Kerk) heeltemal voltallig en ook heeltemal volmaak.

(3) Die Gemeente is die Strydende Gemeente/Kerk op die aarde en tegelyk die Triomferende Gemeente/Kerk in die hemel.

Die teenwoordige Gemeente is nog steeds “die Strydende Gemeente op die aarde” (Matteus 16:18-19; Efesiërs 6:10-18; Hebreërs 11:9-10,13; Hebreërs 12:1-3; Hebreërs 13:13-14; Openbaring 12:10-12) en tegelyk “die Triomferende Gemeente in die hemel” (Efesiërs 3:14-15; 1 Tessalonisense 4:13-17; Hebreërs 11:10,14-16; Hebreërs 12:22-24; Hebreërs 13:14).

Maar by die wederkoms van Christus sal die bruilof van die Lam plaasvind en sal “die Hemelse Jerusalem” uit die hemel (1 Tessalonisense 4:14-16) en die lug waar die laaste oordeel plaasvind (1 Tessalonisense 4:17) op die nuwe aarde neerdaal as “die Nuwe Jerusalem” of “die bruid of vrou van die Lam” (Openbaring 21:1-2,9-10). Dan sal die Gemeente alleen “die Triomferende Gemeente (Kerk)” en “die Volledige en Volmaakte Gemeente” wees (1 Johannes 3:1-3). Dan sal God Almagtig en sy Lam op die nuwe aarde saam met sy volk woon. Dan sal Hy ’n einde maak aan die dood, rou, jammerklagte (ANV- noodkrete) en pyn. Dan sal alles nuut word (Openbaring 21:3-5)!

(4) Die Gemeente is nou nog die onvolmaakte Koninkryk van God wat by die wederkoms van Christus die volmaakte Koninkryk van God sal wees (Matteus 13:24-30,36-43).

Vóór die wederkoms van Christus is die Gemeente as onderdeel van die Koninkryk van God nog onvolmaak, want dit is ’n gemengde gemeenskap wat bestaan uit ware Christene en naamchristene (of cultuurchristene). Ware Christene is nog nie voltallig of volmaak nie. Hulle groei nog na geestelike en morele volwassenheid. Maar naamchristene lyk soms net soos ware Christene, maar tog is hulle harte en lewens nog nie weergebore nie.

Naamchristene is simbolies soos “onkruid” wat net soos die graan lyk (Matteus 13:24-30,47). Hulle praat en gedra hulle met die eerste oogopslag soos ware Christene (Matteus 7:21-22). Tog is hulle “verdroogde” lote wat lyk of hulle nog by

die Wynstok hoort (Johannes 15:6). Onder hulle is daar ook valse Christene wat die kudde nie ontsien nie, maar die waarheid verdraai om die dissipels weg van Christus te trek (Handelinge 20:29-31). Hulle is “valse apostels” wat ‘n ander Jesus verkondig, wat ‘n ander gees ontvang het (nie die Heilige Gees nie) en wat ‘n ander evangelie (boodskap) dan die evangelie in die Bybel versprei (2 Korintiërs 11:4,13-15). Hulle is “valse broers” wat die Gemeente (Kerk) infiltreer ten einde die waarheid te verdraai (Galasiërs 1:6-9; Galasiërs 2:4-5).

Hulle is mense wat eenmaal verlig was, d.w.s. met water gedoop is, aan die Nagmaal (in die RK Kerk: eucharistie) deelgeneem het, die verkondiging van Gods Woord gehoor het miskien selfs die magtige daad van God in die Gemeente gesien het (in kort: “wat gedeel het in wat die Heilige Gees doen”) en tog daarna afvallig geword het. Hulle het vir hulleself die Seun van God gekruisig en maak van Hom ‘n bespottling. As hulle voortgaan om dorings en distels te produseer, is hulle waardeloos en ryp vir die vervloeking. Hulle toon dat hulle nog nooit wedergebore was nie. Hulle sal uiteindelik in vlamme opgaan (Hebreërs 6:6-8). Alleen as hulle waarlik wedergebore word sal hulle volkome vergewe word (Hebreërs 8:10-12).

By sy wederkoms sal Christus hierdie onwedergebore mense, wat die wette van God verkrag het en andere tot ‘n val bring, uit sy Koninkryk versamel en in die vuuroond (die hel) gooi (Matteus 13:36-43,48-50; Matteus 25:31-33; vgl. Johannes 15:6). Dan sal die finale sigbare manifestasie van die Gemeente, die Koninkryk van God in haar finale fase op die nuwe aarde plaasvind (Matteus 25:34; Openbaring 11:15).

### C. DIE LEIDING VAN DIE WÊRELDWYE GEMEENTE (KERK)

Die Bybel leer dat daar net één Liggaam van Christus is, d.w.s. dat daar net één “algemene” of “wêreldwye”<sup>5</sup> christelike Kerk of Gemeente van Christus is.

#### 1. Jesus Christus is die Verlosser en Here van die wêreldwye Gemeente (Kerk).

*Lees* Handelinge 20:28; (1 Petrus 1:18-19; 1 Korintiërs 6:20).

Die Gemeente (Kerk) is nie die eiendom van ‘n bepaalde persoon (bv. die stigter), of ‘n bepaalde leier (die voorganger), of van ‘n bepaalde organisasie (bv. kerkgenootskap) nie. Die Gemeente is alleen die Gemeente van Jesus Christus! Hy noem die Gemeente “My Kerk” (Matteus 16:18) en God het die Gemeente gekoop uit elke volk in die wêreld deur die bloed van sy eie Seun (Handelinge 20:28; 1 Korintiërs 6:20; 1 Petrus 1:18-20).

#### 2. Jesus Christus is die Oprigter en Bouer van die wêreldwye Gemeente (Kerk).

*Lees* Matteus 16:18-19

Die Gemeente (Kerk) is nie operig en gebou deur ‘n mens (‘n kerkplanter) of ‘n menslike instelling (‘n kerkgenootskap of sendinggenootskap) nie, maar deur Jesus Christus! Hy het gesê dat Hy sy Gemeente (Kerk) bou op hierdie rots (Matteus 16:18). Hy bou sy Gemeente op die fondament van sy apostels en profete (predikers) (Efesiërs 2:20). Die apostel Petrus (die rots) het hierin ‘n belangrike aandeel gehad, omdat die Here hom en sy prediking van die Koninkryk van God gebruik het om die eerste gemeentes onder die Jode, die half-Jode (Samaritane) en die nie-Jode (heidene) te stig (Handelinge 2, 8, en 10). Die gesag wat in Matteus 16:19 aan Petrus gegee is, word in Matteus 18:18 aan die Twaalf apostels gegee (Johannes 20:23). Die plaaslike gemeente het ‘n aandeel in die uitoefening van die gesag (veral om mense in of uit die gemeente te sluit) (Matteus 18:17; vgl. 1 Korintiërs 5:12-13; 1 Korintiërs 6:4).

#### 3. Jesus Christus is die Hoof en Opsier (Biskop) van die wêreldwye Gemeente (Kerk).

*Lees* Kolossense 1:17-18; 1 Petrus 2:25; (1 Petrus 5:4).

Die Gemeente (Kerk) het nie somer ‘n mens (bv. ‘n biskop, voorganger) of ‘n menslike instelling (bv. ‘n konsilie, sinode) as haar hoof nie. Nét Jesus Christus is “die Hoof” (Efesiërs 1:22; Kolossense 1:18a). Jesus is deur God die Vader Self aangestel as Die Een na wie alle mense moet luister (Matteus 17:5; vgl. Handelinge 3:22-23)! Hy is “die Apostel en Hoëpriester” van die geloof wat ons bely (Hebreërs 3:1), “die Opperherder of Opper Pastor” (1 Petrus 5:4) en “die Opsier of Biskop” (1 Petrus 2:25) van die hele wêreldwye Gemeente (Kerk)!<sup>6</sup> Geen aardse voorganger, dominee, biskop, kardinaal, pous of patriarg mag ooit hierdie plek van Jesus Christus inneem nie!

Jesus Christus voer sy gesag as Hoof van die wêreldwye Gemeente uit deur:

- die Bybel (korrek uitgelê)
- die Heilige Gees (wat nooit in stryd met die Bybel spreek nie)
- en in plaaslike gemeente deur die raad van ouderlinge (1 Timoteus 4:14).

Die Bybel leer niks oor wêreldwye Konsilies of Algemene Sinodes of Konferensies nie. Die hoogste gesag word op die plaaslike vlak gevind by Christus d.m.v. sy Woord, sy Gees en die plaaslike raad van ouderlinge.

<sup>5</sup> Grieks: katholikos (dus nie dieselfde as Rooms Katolieke).

<sup>6</sup> Grieks: kefalé (hoof), apostolos (apostel), archiereus (hoëpriester), poimén (herder), episkopos (biskop) van die wêreldwye (Grieks: katholikos > katolieke) Gemeente.



Jesus Christus is nie alleen die Hoof van die Gemeente nie, maar ook die Hoof van die Heelal (Efesiërs 1:10,22)! Die heelal is in alles volkome afhanklik van Jesus Christus (Hebreeërs 1:3). Jesus Christus heers oor die heelal in belang van sy Gemeente! Hy is ook die Hoof van alle bo-aardse wesens, magte en kragte en niks in die heelal val buite sy heerskappy nie (Matteus 28:18; 1 Petrus 3:22).

#### 4. Die Gemeente (Kerk) is die Liggaam en die Volheid van Christus.

**Lees** Efesiërs 1:22-23.

Die Gemeente (Kerk) is nie 'n onderdeel van 'n menslike organisasie (kerkgenootskap) nie, maar is “die volheid” van Jesus Christus (Efesiërs 1:23). Net soos 'n bruid “'n helper” van die bruidegom is en saam met die bruidegom één volheid, één geheel vorm, so is die wêreldwye Gemeente “die helper” van Christus en vorm saam met Christus één volheid, één geheel. Die Hoof (Christus) en die Liggaam (die Gemeente) vorm één volheid, één geheel. Die Liggaam van Christus bestaan uit alle plaaslike, selfstandige gemeentes, christelike organisasies (in R.K. Kerk: ordes) en individuele Christene wêreldwyd. Geen enkele kerkgenootskap mag aanspraak daarop maak dat hulle die enigste of ware Kerk van Christus is nie.

Die Liggaam (die wêreldwye Gemeente) voer die wil en doel van die Hoof (Christus) uit! Die Gemeente word nie geroep om die wil en doel van enige mens (bv. pastor, biskop, apostel, ens.) of van enige oorkoepelende organisasie (konsilie, sinode, konferensie, kerkgenootskap ens.) of van enige kerkgenootskap uit te voer nie. Jesus Christus gebruik die Gemeente (Kerk) om sy wil, doel en planne uit te voer in die geskiedenis van die wêreld, naamlik, om mense te help om verlos te word, hulle tot dissipels van Christus te maak, hulle te laat groei en te heilig, en sy Koninkryk (koningskap) en geregtigheid oral op aarde uit te brei. Sy Koninkryk (koningskap) is eers “in Christene” (Lukas 17:21-22), dan “in die wêreld” (Matteus 12:28), maar “nie van hierdie wêreld nie” (Johannes 18:36-37) en uiteindelik sal dit alles wat nuut gemaak is, insluit (Matteus 25:34; Handeling 3:21; Romeine 8:19-22; Openbaring 21:1-5).

#### 5. Die Gemeente (Kerk) moet altyd en alleen God in Christus verheerlik.

Die Gemeente (Kerk) mag nie bepaalde mense (bv. 'n leier of 'n bepaalde “heilige” persoon) of 'n menslike instelling (bv. 'n bepaalde kerkgenootskap, christelike organisasie of orde) verheerlik nie, maar moet altyd en alleen God deur Jesus Christus verheerlik (Efesiërs 3:21; Johannes 16:14). God sê: “Die eer wat My toekom gee Ek aan geen ander nie” (Jesaja 42:8; Jesaja 48:11). Die doel van die wêreldwye Gemeente is: “Soli Deo Gloria” (Alleen aan God de eer!) “Uit Hom, en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid! Amen” (Romeine 11:36)!

### D. DIE OPBOU VAN DIE WÊRELDWYE GEMEENTE (KERK)

Die wêreldwye Gemeente staan nie stil nie en bly ook nie onveranderd nie. Die wêreldwye Gemeente groei kwantitatief in getal en kwalitatief in geestelike eienskappe. Die groei van die Gemeente in kwaliteit is onontbeerlike noodsaaklik vir die groei van die Gemeente in kwantiteit. Die wêreldwye Gemeente word opgebou deurdat alle Christene dien, deur die groeiende eenheid en liefde in verhoudings, en deur die altyd toenemende volwassenheid van gelowiges.

#### 1. Die Gemeente groei deur evangelisasie onder nie-Christene.

**Lees** Handeling 20:20-27; Efesiërs 3:6-12.

Die Gemeente groei in getalle (kwantitatief) deur die evangelisiewerk van Christene. Christene verkondig die boodskap van Gods genade en roep mense op om hulle te bekeer tot die God van die Bybel en tot geloof in Jesus Christus. Hulle verkondig die Koninkryk (koningskap) van God, die hele raadsbesluit (wil, plan) van God (Handeling 20:27), die ondeurgrondelike rykdom van Christus (Efesiërs 3:8) en die wysheid van God in al haar skakerings (Efesiërs 3:10). Niemand word as 'n Christen gebore nie. Elke mens moet weergebore word! Sonder weergeboorte kan niemand 'n ware lid van die Liggaam van Christus word nie (1 Korintiërs 12:12-13; Johannes 3:3-8). Sonder geloof in Jesus Christus word niemand gered nie (Johannes 3:16,18,36; Johannes 14:6; Handeling 4:12).

#### 2. Die Gemeente groei deur Christene tot dissipels te maak.

**Lees** Matteus 28:19; Efesiërs 4:11-16.

Die Gemeente groei in kwaliteit deur die nuwe Christene op te bou tot volwasse, funksionerende en volhardende Christene. Dit word “dissipels maak” genoem (Matteus 28:19-20). Dissipels word gewoonlik gemaak deur ander volwasse Christene wat die christelike verantwoordelikhede teenoor mekaar uitoefen (mekaar liefhê, mekaar se laste dra, mekaar bemoedig, ens.). Die doel van dissipels te maak, is nie om mense tot lidmate van een of ander kerkgenootskap te maak nie, maar om hulle dissipels (volgelinge-leerlinge) van Jesus Christus te maak! Hulle spoor hulle aan om hulle persoonlike verhouding met Christus te verdiep, Christus te gehoorsaam en 'n christelike karakter te ontwikkel. Die maat van volwassenheid is Christus gelykvormigheid (Efesiërs 4:13).

Sommige sigbare resultate sal die volgende wees:

- 'n Groeiende eenheid onder opregte Christene omdat dit gebasseer is op 'n persoonlike kennis van Jesus Christus as Verlosser en Here, op die onderwysing van die Bybel (die Christelike Geloof) en op daaglikse omgang met Jesus Christus (Efesiërs 4:13)
- stabiliteit en onderskeidingsvermoë onder Christene (Efesiërs 4:14; Romeine 6:17; Titus 1:9)
- waarheid en liefde in alle verhoudings (Efesiërs 4:15).

'n Groot vyand in die Christelike Kerk is wanneer Christene van die waarheid afwyk en 'n kompromis met die leuen sluit, hetsy in hul geloofsoortuiging, hul norme en waardes en in hulle woorde en daede. 'n Ander groot vyand in die Christelike Kerk is wanneer Christene koud en onverskillig bly staan teenoor die gedagtes, gevoelens, beproewings en belange van mense wat hulle vir Christus probeer wen.

### 3. Die Gemeente groei deur toerusting van werkers.

*Lees* Markus 13:34; Efesiërs 4:12,16.

Die Gemeente word opgebou deur Christene toe te rus in verskillende bedieninge en hulle aan te spoor diensbaar te wees in hulle eie omgewing as ook in die wêreldwye Gemeente. Die woord "toerusting"<sup>7</sup> beteken "om te herstel", "heel te maak", "te oefen" of "toe te rus". Toerusting word gewoonlik gedoen deur Christene wat daardie spesiale gawe ontvang het (Efesiërs 4:11) en nie noodwendig deur die ouderlinge van die gemeente nie. Christene word toegerus vir verskillende take in die plaaslike gemeente of in die wêreldwye Gemeente, bv., sommige Christene word toegerus om evangelisasie te doen, om nasorg te gee, om dissipels te maak, of om barmhartigheid te bewys. Ander Christene word toegerus om leiding te gee, om Gods Woord te verkondig, om Gods Woord te onderrig, of om pastorale hulp te gee. En nog ander Christene word toegerus om geld te maak, geld bymekaar te maak en geld te administreer, om planne te maak (doele te stel, aktiwiteite te ontplooi, programme op te stel en mense te organiseer, ens. Geen lidmaat van die Gemeente behoort passief in die gemeente te sit nie. Uiteindelik behoort elkeen te funksioneer in 'n taak/verantwoordelikheid wat Christus vir hom toegewys het (1 Korintiërs 3:5; Markus 13:34).

## E. DIE FUNKSIES EN VORME IN DIE WÊRELDWYE GEMEENTE (KERK)

### 1. Uniformiteit of verskeidenheid in die Gemeente.

Hoewel daar één Liggaam van Christus is, bestaan dit uit 'n groot aantal plaaslike gemeentes en individuele lede (Christene) (1 Korintiërs 12:12). Aan elke gelowige is genade gegee soos Christus dit uitgedeel het (Efesiërs 4:7). Hierdie genade mag uit 'n verskeidenheid geestelike gawes (1 Korintiërs 12:4), 'n verskeidenheid van take (bedienings) (1 Korintiërs 3:5; 1 Korintiërs 12:5,28; Markus 13:34), 'n verskeidenheid van uitinge (1 Korintiërs 12:6-7) en 'n verskeidenheid van plekke (1 Korintiërs 12:18) in die Wêreldwye Gemeente (Kerk) bestaan!

Die kenmerk van die Gemeente is nie dat ons almal dieselfde is en dieselfde kan doen nie, maar juis dat ons almal verskillend en uniek is en verskillende dinge kan doen (1 Korintiërs 12:14-20)! As elke Christen 'n leier of leraar sou wil wees, wie sou dan barmhartigheid bewys As ons almal dieselfde sou kon doen, sou dit tot spanning en onenigheid lei, en baie Christene sou hulleself as oorbodig en waardeloos beskou. As die dinge egter goed werk, lei die verskeidenheid juis tot 'n groter eenheid, omdat die bediening van elke gelowige nodig is vir andere. 'n Gemeente kan alleen doen wat hulle moet doen, as hulle aan die groot verskeidenheid van lede ruimte gee.

Die lede van die Gemeente (Kerk) is net soos die ledemate van 'n liggaam onderling van mekaar afhanklik. Niemand sou hoogmoedig of minderwaardig moet voel nie. Want die oog het die oor nodig en die hand het die voet nodig. Elke Christen is belangrik en nodig. Elke lid is noodsaaklik vir die goeie funksionering van die gemeente.

Elke Christen het van God gesag ontvang om sy of haar verantwoordelikheid uit te oefen, bv., leierskap in die gemeente is nie 'n posisie nie, maar 'n funksie ('n amp met begrensde verantwoordelikheid en beperkte gesag wat daarby pas).

Die lede behoort vir mekaar te sorg (*Lees* 1 Korintiërs 12:21-27), mekaar lief te hê, mekaar se laste te drag en mekaar te bemoedig. Dit sluit ook die ouderlinge in, wat op mekaar toesig moet hou (Handelinge 20:28). En dit sluit ook Christene uit ander plaaslike gemeentes oral in die wêreld in (2 Korintiërs hfst. 8-9). Elke Christen is belangrik in die oë van Jesus Christus!

### 2. Tradisionele of eietydse vorme in die Gemeente.

Die tradisionele maniere of vorme (of liturgieë) om christelike funksies (soos bid, doop, Nagmaal, Bybelonderrig, eredienste ens.) in die gemeente te hou, mag geen onbuigsame reëls of voorskrifte word nie. Jesus Christus het alle menslike godsdienstige tradisies wat die Woord van God buite werking stel, veroordeel. Hy leer ons dat sulke tradisies volkome waardeloos is, omdat dit "gebooie van mense is." Hier is 'n voorbeeld: die Fariseërs in die tyd van Jesus Christus het bepaalde "vorme" verander in "verpligte funksies" wat uiteindelik "tradisies" geword het. Hulle het die was van hande voor ete verander in 'n verpligte voorskrif vir alle Jode (*Lees* Matteus 15:1-9). Jesus veroordeel vorme wat alleen vir die skyn in stand gehou word (Matteus 23:25-29)!

<sup>7</sup> Grieks: katartismos (Efesiërs 4:12); katartizó (Lukas 6:40; Hebreërs 13:21); exartizó (2 Timoteus 3:17)



Hoewel alle christelike funksies in die praktyk in een of ander vorm uitgedruk word, moet al hierdie vorme die Bybelse leer en funksie duidelik uitdruk, moet hulle egter betekenis hê en opreg gedoen word. Die vorm waarin 'n funksie uitgedruk word, mag nooit belangriker word as die inhoud van die funksie of die rede waarom iets gedoen word nie (bv. die vorm of metode van doop met water mag nooit belangriker word as die betekenis van die doop nie). Geen enkele vorm mag verander word in 'n vasgelegde reël of voorskrif nie. Elke vorm moet steeds weer getoets word of dit nog steeds Gods Woord uitdruk (Markus 7:1-13).

'n Gemeente mag Bybelse funksies op 'n eietydse wyse uitvoer. Voorbeelde in die Bybel:

- Die eerste selfstandige gemeente in Jerusalem het hulle “gemeenskap/byeenkoms” (funksie) in praktyk gebring deur elke dag in die tempel (Handelinge 2:42,46; 5:12,20) of elke week langs 'n rivier (Handelinge 16:13) of in 'n huiskamer (Romeine 16:5) bij mekaar te kom (verskillende vorme).
- Hulle het die Woord van God gepreek (funksie) tydens 'n groot fees in die openbaar (Handelinge 2:14-15), of in die huise van mense (Handelinge 20:20), soms tot middernag (Handelinge 20:7) (verskillende vorme).
- Hulle het gebed (funksie) soos die Jode dit gedoen het met opgehewe hande (1 Timoteus 2:8; Psalm 134:2) of deur te kniel (Handelinge 20:36; Efesiërs 3:14) (verskillende vorme).
- Die manier waarop hulle die Nagmaal (funksie) gehou het, was deur dit te kombineer met 'n gewone maaltyd tuis (Handelinge 2:42,46) of met 'n agapé (liefdes) maal in die gemeente (Handelinge 20:7; 1 Korintiërs 11:17-22) (verskillende vorme).
- Hulle het met water gedoop (funksie), soms buite by oop water waarin hulle kon staan (Handelinge 8:36-39a) (vorm) en soms binne in 'n huis waar water oor die staande persoon uitgegiet word (Handelinge 9:17-18; Handelinge 22:16; vgl Handelinge 2:17; Titus 3:5) (vorm).
- Die wyse waarop hulle hul gawes gegee het (funksie) was deur sommige van hul besittings te verkoop<sup>8</sup> en dit aan die arm mense uit te deel (Handelinge 2:44-45; Handelinge 4:34-35) of elke Sondag 'n kollekte te hou (1 Korintiërs 16:1-3) (verskillende vorme).

Maar let daarop, nêrens in die Bybel word die Gemeente (Kerk) geleer of beveel om die Bybelse funksies op dieselfde voorgeskrewe vorm of manier te doen nie! Christene mag hierdie funksies ook in eietydse vorme uitdruk wat by hierdie tyd pas. Christene sing nie alleen Psalms nie, maar komponeer steeds weer nuwe geestelike liedere en maak musiek met verskillende (en selfs nuwe) musiek- instrumente (Psalm 33:3; 150:3-6; Efesiërs 5:19).

## F. DIE BAIE PLAASLIKE GEMEENTES IN DIE WÊRELDWYE GEMEENTE (KERK)

### 1. Hoe die plaaslike gemeente tot stand kom.

Die Gemeente (Kerk) is “die Liggaam van Christus” wat sigbaar word in die baie plaaslike gemeentes in die wêreld. Die plaaslike gemeente is die historiese resultaat van die soewereine tussenkoms van God aan die een kant en die gehoorsaamheid van Christene aan die groot opdrag in Matteus 28:18-20 aan die anderkant. Kom ons kyk na voorbeelde:

(1) Handelinge 2.

God giet sy Heilige Gees uit op sy dissipels op die Pinksterdag en Petrus verkondig die evangelie. Die resultaat was dat die eerste plaaslike gemeente in Jerusalem gestig word (±30 n.C.).

(2) Handelinge 8.

God laat 'n groot vervolging van Christene in Jerusalem toe wat die Christene versprei (±33/34 n.C.). Die verstrooide Christene het die evangelie verkondig waar hulle ookal heengaan. Die resultaat was dat plaaslike gemeentes gestig is in Judea, Samaria en Galilea (Handelinge 9:31).

(3) Handelinge 10.

God het 'n visioen aan 'n Romeinse (heidense) militêre offisier, Kornelius, en aan die apostel Petrus gegee. Petrus verkondig die evangelie aan die heidene. Die resultaat was dat die eerste gemeente onder die heidene (nie-Jode) in Sesarea gestig is (±40 n.C.).

(4) Handelinge 11.

God steun die vlugteling wat vervolging in Jerusalem ervaar het en hulle verkondig die evangelie ook aan heidene in vreemde lande. Die resultaat was dat die eerste gemeente onder die heidene in die buiteland, in Antiogië in Sirië gestig is (44 n.C.).

(5) Handelinge 13-14.

God het Paulus geroep en hom afgesonder dat hy die evangelie verkondig in die hedendaagse Turkye. Paulus het saam met verskillende ander Christene sendingsreise<sup>9</sup> na verskillende lande onderneem. Hy het dissipels gemaak in Siprus en Turkye en oral nuwe gemeentes gestig.

<sup>8</sup> Dink aan 'n garage uitverkoop of 'n kerkbasaar (eietydse vorms).

<sup>9</sup> Die eerste sendingsreis (47-48 n.C.), die tweede sendingsreis (50-52 n.C.) en die derde sendingsreis (52-57 n.C.) en die laatste sendingsreis (63-64 n.C.).

(6) Handeling 16-20.

Deur die Heilige Gees (die Gees van Jesus Christus) sluit en open God nuwe deure (Openbaring 3:7-8) om nuwe plaaslike gemeentes te stig. Die resultaat was dat plaaslike gemeentes gestig is in Turkye en toe in Masedonië en Griekeland in Europa. God het Paulus en sy span beveel om langer in Korinte te bly.

## 2. Hoe die plaaslike gemeentes funksioneer het.

**Lees** Handeling 2:42-44; Handeling 5:15-16,42.

Die basiese aktiwiteite van die plaaslike gemeente was:

(1) Byeenkom/Vergader.

Die plaaslike Christene het bymekaar gekom vir aanbidding en gebed, prediking en onderrig, die doop en die nagmaal, ook vir omgang met mekaar en diensbaarheid aan andere.

(2) En verspreiding.

Die plaaslike gemeente het versprei na die omliggende omgewing, buite op die strate en in huise om te verkondig, te onderrig en te genees.

## 3. Hoe die plaaslike gemeentes gelei is.

**Lees** 1 Timoteus 3:14-15; 1 Timoteus 4:14; (Handeling 14:21-23; Handeling 20:17,28; 1 Timoteus 3:1-7; Titus 1:5-9; 1 Petrus 5:1-4).

Lukas en die apostels Paulus en Petrus leer eenparig dat die plaaslike gemeente gelei moet word, nie deur maar net één voorganger (dominee, priester, pastor) nie, maar deur “’n groep van ouderlinge” (Grieks: presbuteroi, meervoud) (Handeling 14:23) of “’n raad van ouderlinge” (Grieks: presbuterion) (1 Timoteus 4:14).

Die vereistes, take en beperkte gesag van die ouderlinge is nie bepaal deur een of ander mens, menslike organisasie of menslike kultuur nie, maar alleen deur die onderrig van die Bybel (Matteüs 20:25-28; Handeling 20:17,28; 1 Timoteus 3:1-7; 5:17-22; Titus 1:5-9; 1 Petrus 5:1-6). Ook die wyse waarop die ouderlinge gelei het, is in die Bybel vasgelê (1 Timoteus 3:14-15). Jesus Christus en die apostel Petrus het geleer dat ’n leier nooit mag heers oor die mense wat aan hulle toevertrou is nie (Matteus 20:25-28; 1 Petrus 5:2-3). Niemand mag hierdie Bybelse instruksies wysig nie.

## 4. Waar die plaaslike gemeentes hulle byeenkomste gehou het.

**Lees** Handeling 5:42; Handeling 12:5,12; Handeling 10:24,27; Filemon 1:1-2.

Die gemeentes in die Nuwe Testament het die meeste van hulle byeenkomste in die huise van Christene gehou. Hierdie gemeentes was gedurende die eerste paar eeue almal “huisgemeentes” (huiskerke). Hulle kom in huise bymekaar vir die eredienste, vir prediking en onderrig, vir gebed, evangelisasie en vir toerusting van arbeiders (Handeling 18:26). Vandag kom daar steeds meer en meer huisgemeentes tot stand, omdat Christene in baie lande vervolgd word en omdat dit baie goedkoper is.

Lees ook:

Supplement 12 *Gemeente*. Die woord “gemeente of kerk” in die Bybel

Supplement 13 *Gemeente*. Funksie en vorm in die gemeente

Supplement 14 *Gemeente*. Die Gemeente as Liggaam van Christus is absoluut noodsaaklik

5	GEBED (8 minute)	[REAKSIES] GEBED IN ANTWOORD OP GODS WOORD
---	------------------	---

*Bid* saam met mekaar in antwoord op wat God gesê het. Laat elkeen in die kring om die beurt kortliks (in één of twee sinne) reageer op wat hy in hierdie byeenkoms van God geleer het.

Of verdeel die groep in groepies van twee of drie en bid saam met mekaar vir mekaar (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

6	VOORBEREIDING (2 minute)	[OPDRAGTE] VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS
---	--------------------------	--

*Deel* die voorbereiding vir die volgende keer uit op ’n stukkie papier of laat die groeplede dit neerskryf.

1. **Toewyding.** Wy jou daaraan toe om ’n disipel te wees en dissipels te maak. Verkondig, leer of bestudeer die studie oor die kenmerke van die Gemeente (Kerk) met iemand anders of met ’n klein groepie mense.
2. **Persoonlike tyd met God.** Hou stiltetyd met God uit ongeveer ’n halwe hoofstuk per keer uit Deuteronomium 28:1 – 31:13. Maak gebruik van die vrae metode vir stiltetyd en maak kort aantekeninge.
3. **Bybelstudie.** Berei die volgende Bybelstudie tuis voor. (6) 1 Korintiërs 12:4-7,12-28. Tema: Christene leef en funksioneer as ’n liggaam in die Gemeente (Kerk). Maak gebruik van die vyf stappe metode en maak kort aantekeninge.

4. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen. (Psalm 5:4).
5. Hou jou notas op datum. Hierdie keer oor aanbidding van God, jou stiltetyd en die onderrig oor die kenmerke van die Gemeente/Kerk.